# HOOFSTUK VYF

## Strategiese beplanning na deaffiliasie by die *Building Industries Federation in South Africa* (BIFSA): 1977-1994

Met deaffiliasie het die EAV(S.A.) die BIFSA verlaat om as 'n onafhanklike professionele beroepsvereniging op nasionale vlak te funksioneer. Dit het meegebring dat die EAV(S.A.) 'n eie ruimte binne die elektriese bedryf van Suid-Afrika moes verseker waarin die Vereniging kon meewerk tot die uitbouing en verdere professionalisering van die bedryf. Dit was ook gedurende 1977 dat die EAV(S.A.) die streekskonsep op sy algemene struktuur toegepas het nadat die Vereniging die potensiaal daarvan reeds in 1975 begin ondersoek het. Die proses was nie so vaartbelyn soos wat die EAV(S.A.) dit sou wou gehad het nie, aangesien etlike lede 'n afwagtende benadering met betrekking tot 'n deaffiliasie van BIFSA gevolg het.

### 5.1 Versterking van die EAV(S.A.) se nasionale magsbasis

#### 5.1.1 Streekskonsep op nasionale vlak toegepas

Die EAV(S.A.) was bewus daarvan dat die lede in die plattelandse gebiede nie soveel baat gevind het by die dienste wat die EAV(S.A.) gelewer het as die lede in die groot sentra nie. Afstande wat gereis moes word, is as die vernaamste rede aangevoer. Om dié rede was die algemene gevoel onder EAV(S.A.)-lede dat die streekskonsep voordelig vir die Vereniging in die breë sou wees en nie net vir sekere takke nie. Met die streekskonsep is beoog om die EAV(S.A.) nader aan die lid te bring deur direkteure of verteenwoordigers aan te stel wat namens die EAV(S.A.) werwing kon doen, lede se behoeftes identifiseer en probleme hanteer waar nodig. Die streekskonsep is as koste-effektief gereken, aangesien die

## EAV(S.A.)-streke met takke en sub-streke soos in 1980

streeksverteenwoordigers die EAV(S.A.) se NUK-vergaderings kon bywoon en nie die lede van die individuele takke nie. Daarbenewens het EAV(S.A.)-takke in provinsies eiesoortige probleme gehad wat onderling hanteer moes word; derhalwe is gemeen dat die streekskonsep aan hierdie behoefte sou kon voldoen.[1] Na etlike besprekings, is die streekskonsep vaartbelyn gemaak[2] en in beginsel goedgekeur.[3] Volgens die streekskonsep is Suid-Afrika vir elektrotegniese doeleindes in ses streke verdeel, naamlik Noord-Transvaal, Suid-Transvaal, Natal, Oos-Kaap, Wes-Kaap en die Oranje-Vrystaat (Kyk ook Kaart Drie):

Die EAV(S.A.)-streke met takke en sub-streke soos teen 1980:

**Wes-Kaapstreek**

- Kaapstad
- Boland
- Noord-Boland

**Oos-Kaapstreek**

- Port-Elizabeth
- Suid-Kaap
- Oos-Londen
- Grens

**Noord-Transvaalstreek**

- Brits/Rustenburg
- Laeveld
- Noord-Transvaal
- Pretoria
- Witbank/Middelburg

---

1 ECA(S.A.), Edenglen, Germiston, meeting of a meeting of the National Executive Committee, minute, 19 Febuary 1977, pp. 31-32; EAC (S.A.), Circular: 1983/12, 3 March 1983, pp. 1-2.

2 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 11 June 1977, p. 22.

3 ECA(S.A.), Report of the Director for the National Executive Committee, report, 11 June 1977, p.18.

## Diagram 7

## EAV (S.A.) STRUKTUUR VOLGENS DIE STREEKSKONSEP



Mnr. Chris Greager (streeksdirekteur) voor die EAV(S.A.) se kantoor in Durban.




Bron: ECA(S.A.), Natal regional office, Durban.

Die EAV(S.A.) se kantoor in Kaapstad soos teen 2000.

ECA(S.A.), Western Cape Regional Office, Cape Town

**Suid-Transvaalstreek**

- Witwatersrand
- Wes-Transvaal
- Vaaldriehoek
- Ander gebiede in Suid-Transvaal

**Oranje-Vrystaatstreek**

- Bloemfontein
- Oos-Vrystaat
- Noord-Kaap
- Noord-Vrystaat
- Upington

**Natalstreek (Later KwaZulu-Natal)**

- Durban
- Zululand
- Natalse Middellande
- Noord-Natal

Elke tak in 'n streek het 'n eie takbestuur gekies bestaande uit 'n voorsitter, ondervoorsitter en 'n tesourier. 'n Streeksbestuurder is dan uit die takvoorsitters verkies. Die streeksdirekteur verteenwoordig die streek en die onderskeie takke op die Nasionale Uitvoerende Komitee van die EAV(S.A.)[4] (Kyk Diagram 7).

EAV(S.A.)(S.A)-takke in die Transvaalse streke en in Natal was die eerstes om te herstruktureer.[5] Die beoogde streeksindeling was teen 1980 nog in die kinderskoenestadium.[6]

---

4 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 19 February 1977, pp. 31-32.

5 ECA(S.A.), Minutes of the Thirtieth Annual General meeting, minute, 20 October 1978, Annexure "I", pp.1-3.

6 ECA(S.A.), Minutes of the Thirty–second Annual General meeting, minute, 17 October 1980, p.1.

### 5.1.2 Nuwe streke en takke – suksesse en probleme

Nadat die streekskonsep in beginsel goedgekeur is, was dit eerste die takke in die voormalige Transvaal- en Natalprovinsie wat hulle in streke georganiseer het. Takke in die Wes-Kaap-, Oos-Kaap- en Oranje-Vrystaatgebied het hulle voorbeeld gevolg, en teen 1992 was die streekkonsep volledig binne die EAV(S.A.) toegepas[7]:

- **Oranje-Vrystaat**

Die EAV(S.A.) se NUK het ook vroeg in 1984 toestemming verleen vir die stigting van 'n tak in die Oos-Vrystaat[8] op 17 Mei 1984. Die eerste voorsitter was mnr. W. Hattingh.[9] Teen 1994 was die Oranje-Vrystaatstreek met sy 167 lede die kleinste van al die EAV(S.A.)-streke.

'n Nasionale magsbasis is, ongeag die kleiner struikelblokke ten opsigte van ledewerwing en verbandhoudende persepsies oor deaffiliasie, gevestig. Met sowat 2023 EAV(S.A.)-lede is die proses van professionalisering, soos in die Vereniging se doelwitte in die vooruitsig gestel, voortgesit.

**Transvaalstreke**

Die Witwatersrand-tak, Pretoria-tak en Brits/Rustenburg-tak het sedert 1 Julie 1979 as nie-amptelike streke gefunksioneer. Teen Oktober 1982 het hulle amptelik by die NUK goedkeuring ontvang om op streeksgrondslag georganiseer te word. 'n Stigtingsvergadering van die Transvaalstreek het op 29 Junie 1983 gevolg.[10]

---

7 ECA(S.A.), Minutes of the meeting of the National Executive Committee, minute, 3-4 June 1992, p. 6.

8 ECA(S.A.), Synopsis of Decision taken at the National Executive Committee, 27-28 July 1984, p. 16.

9 ECA(S.A.), Supporting Documentation for the National Executive Committee meeting, 27-28 July 1984, p. 34.

10 ECA(S.A.), Circulars, E. 1982/147: Competitions Board – Prohibition Notice published by the Minister of Industries, Commerce and Tourism, 11 November 1981, p. 5; ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 5-6 August 1983, p. 42.

Streeksdirekteure van die EAV(S.A.) soos teen 1998

**Agter** (van links na regs): Mnre. Andrè van Rensburg, Neels van Rooyen, Fanie Steyn.
**Voor** (van links na regs): Mnre. Chris Greager, Pierre Foot, Lukas Bowles.

Bron: ECA(S.A.) Head Office, Edenglen, Germiston

Grafiek 7

## Aantal EAV (SA)-lede van die Suid-Transvaalstreek vir die tydperk 1992 - 2000




Bron: ECA (SA), Minutes 1, ECA (SA) Head Office, Edenglen, Germiston.

Grafiek 8

## Aantal EAV (SA)-lede van die Weskaapstreek vir die tydperk 1992 - 2000




Bron: ECA (SA), Minutes 1, ECA (SA) Head Office, Edenglen, Germiston.

Grafiek 9

## Aantal EAV (SA)-lede van die Ooskaapstreek vir die tydperk 1992 - 2000




Bron: ECA (SA), Minutes 1, ECA (SA) Head Office, Edenglen, Germiston.

Grafiek 10

## Aantal EAV (SA)-lede van die KwaZulu Natalstreek vir die tydperk 1987 - 2000




Bron: ECA (SA), Minutes 1, ECA (SA) Head Office, Edenglen, Germiston.

Die munisipale distrikte van Nelspruit, Witrivier, Baberton, Sabie en Pelgrimsrus, so wil dit lyk, het reeds vanaf 1968 as 'n nie-amptelike tak gefunksioneer.[11] 'n Tak vir die Laeveldstreek - as die twintigste EAV(S.A.) tak – is eers op 11 Januarie 1986 te Nelspruit gestig met mnr. B. Swanepoel as eerste takvoorsitter.[12]

'n Ander groep wat in 1981 by die EAV(S.A.) aangesluit het,[13] is die Vaaldriehoekse Elektriese Kontrakteursassosiasie (VEKA).[14] Die stigtingsvergadering van 'n Vaaldriehoek-tak op 24 September 1981 het hierop gevolg met mnr. C. Kruger as eerste takvoorsitter.[15]

Gedurende 1982 is nog ander EAV(S.A.)-takke in die Transvaal-gebied gevestig. Onder meer is takke op Klerksdorp (30 Maart) en Warmbad in die vooruitsig gestel. Die Klerksdorp-tak met sewe stigterslede het die Klerksdorp-, Potchefstroom- en Stilfontein-gebied bedien. Mnr. E.M. Kaplan was die eerste voorsitter van die tak. Die ledetal het binne 'n paar dae na die stigting gegroei tot 32.[16]

Met al die nuwe takke wat metteryd bygekom het, is die Transvaal streek teen 1992 amptelik in Noord- en Suid-Transvaal verdeel. Saam het beide streke teen 1994 sowat 961 lede bedien (Kyk Grafieke 14 en 15).

---

11 ECA(S.A.), Minutes of the meeting of the National Executive Committee, minute, 24 February 1968, p. 6 ; 17 April 1968, p.2; 22 June 1968, p.9; ECA(S.A.), Report of the 20th General Annual meeting, report, 24 October 1968, p. 2.

12 ECA(S.A.), Minutes of the meeting of the National Executive Committee, minute, 7-8 March 1986, pp.11, 23.

13 ECA(S.A.), Supporting Documentation for the Agenda of the National Executive Committee, 19-20 March 1981, p. 8; *Ibid .,* 31 July 1981 – 1 August 1981, p. 6; ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 31 July 1981 – 1 August 1981, p. 11.

14 ECA(S.A.), Supporting Documentation for the National Executive Committee, 31 July 1981 – 1 August 1981, p. 9.

15 ECA(S.A.), Supporting Documentation for the National Executive Committee, 30-31 October 1981, p. 7.

16 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 3 April 1982, p. 25.

- **Kaapse streke**

'n Deaffiliasie van die EAV(S.A.) met BIFSA, soos vroeër genoem, is nie ewe gunstig deur al die takke ontvang nie. Hierin staan die Port Elizabeth-tak uit.[17] Alhoewel 'n skeuring, na onderhandeling, tussen die EAV(S.A.) en die Port-Elizabeth-tak in 1983 afgeweer is,[18] het die BIFSA-deafiliasie 'n negatiewe invloed op die tak se ledetal gehad (Kyk Grafiek 15 in Hoofstuk Twee). Tyd het onsekerhede uit die weg geruim sodat die groeikoers van al die takke in die Oos-Kaapse Streek (ook in 1992 begin) verbeter het. Teen 1994 het hierdie streek , waarby Oos-Londen ingesluit is, sowat 225 lede getel.

In die Wes-Kaapse omstreke is die Noord-Boland-tak, benewens die bestaande EAV(S.A.)- aktiwiteite in Kaapstad, ook in die vroeg-tagtigerjare gestig,[19] terwyl 'n tak vir die Suid-Kaap en George-gebied[20] op 19 Julie 1984 gestig is. Teen 1994 het hierdie streek 'n ledetal van 235 gehad (Kyk Grafiek 8).

- **Natal**

Benewens die bestaande Natal Coastal-tak en die Natalse Middellande tak het die EAV(S.A.) gedurende 1981 nog twee nuwe takke in Natal gestig, naamlik die Zululand-tak(13 Mei 1981) en die Pietermaritzburg-tak. Die Zululand-tak se eerste voorsitter was mnr. V.W. Bannock en dié van Pietermaritzburg mnr. A.J.Terhorst.[21]

---

17 ECA(S.A.), Minutes of a Special General meeting, minute, 17 February 1978, pp. 6-21.

18 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 24 June 1978, pp. 26-27; Report of the Director for the forthcoming meeting of the National Executive Committee, report, 19 October 1978, pp. 7-8; Minutes of the meeting of the Branch Chairman and Branch Secretaries, minute, 12 May 1978, pp.18-10.

19 ECA(S.A.), Circular, E. 1983/44: Synopsis of Decisions taken at the National Executive Committee meeting, 5-6 August 1983, p. 3.

20 ECA(S.A.), Synopsis of Decision taken at the National Executive Committee meeting, 27-28 July 1984, p.15; ECA(S.A.), Supporting Documentation for the National Executive Committee meeting, 27-28 July 1984, p.34.

21 ECA(S.A.), Supporting Documentation for the National Executive Committee, 31 July 1981 – 1 August 1981, p. 9.

Die Griekwaland-Oos-gebied het mettertyd bygekom.[22] Teen 1994 het die Natalstreek 'n ledetal van 435 gehad (Kyk Grafiek 10).

## 5.2 Voortgesette professionalisering

Gedurende die periode 1977 tot 1994 is 'n aantal besluite geneem met die oog op verdere professionalisering. Van die vernaamstes is in die volgende subafdeling uiteengesit.

### 5.2.1 Die *The Electrical Contractor* ontwikkel as amptelike mondstuk van die Elektrotegniese Aannemersbedryf

Die eerste uitgawe van The Electrical Contractor as mondstuk van die EAV(S.A.) het op 25 Augustus 1979 verskyn (Kyk ook Hoofstuk Drie, sub-afdeling: 3.5.4) met die onderneming Arundel as uitgewer.[23] Hierna is lede gereeld versoek om inligting en artikels rakende elektrotegniese aangeleenthede in te stuur wat gepubliseer kon word.[24] Hulle is ook aangemoedig om in die tydskrif te adverteer.[25]

Die Arundel-Uitgewers se probleme om binne 'n kort tydsbestek genoeg adverteerders te werf, het daartoe gelei dat die The Electrical Contractor in 1981 elke tweede maand verskyn het.[26] Gedurende 1982 het 'n nuwe uitgewer - Poseidon

---

22 ECA(S.A.), Supporting Documentation to the Agenda of the National Executive Committee, 19-20 March 1981, p. 32.

23 ECA(S.A.), Report of the Director for the forthcoming meeting of the National Executive Committee, report, 19 October 1978, p. 16.

24 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 19 October 1978, p. 19; minute, 26-27 October 1979, p. 14; minute, 17 October 1980, p. 25; minute, 4-5 July 1980, pp. 25-26.

25 ECA(S.A.), Report of the Director for the forthcoming meeting of the National Executive Committee, report, 24 June 1978, p. 8; ECA(S.A.), Report of the Director for the forthcoming meeting of the National Sub-Committee on Public Relations and Publicity, report, 23 June 1978, pp. 2-3.

26 ECA(S.A.), Minutes of the meeting of the National Management Committee, minute, 20 January 1981, pp. 20-22.

Publications oorgeneem.[27] Na die verstryking van Poseidon Publications se termyn in Desember 1983, is die tydskrif deur die EAV(S.A.) se eie bemarkingsdepartement uitgegee.[28] Die bemarkingsdepartement van die EAV(S.A.) het onder meer adverteerders gewerf. Hulle het dit egter ook as 'n sukkel-sukkel-poging beleef omdat adverteerders die publikasie as 'n interne tydskrif beskou het. Om inligting en artikels van algemene aard te akkommodeer is die stigting van 'n gehalte-tydskrif deur die bemarkingsdepartement in die vooruitsig gestel.[29]

Die NUK van die EAV(S.A.) was nie te vinde vir die stigting van 'n ponietydskrif nie. Heelwat andersoortige eise is gestel. Daarop het die EAV(S.A.) 'n persoon aangestel om net vir die tydskrif verantwoordelik te wees.[30] Daarmee is 'n nuwe era in bemarking by die EAV(S.A.) begin.

### 5.2.2 Bemarking

Die bemarking, bewusmaking en bekendstelling van die EAV(S.A.) as beroepsvereniging en sy professione dienste is 'n belangrike aspek van die professionalisering van die eletrotegniese aannemersbedryf. In hierdie verband is die voordele van EAV(S.A.)-lidmaatskap soos byvoorbeeld die Pensioen- en Mediese hulpskemas asook die skema vir gewaarborgde dienslewering in die gedrukte media bemark. [31] Gewaarborgde dienste het kliënte verseker dat as hulle

---

27 ECA(S.A.), Supporting Documentation for the National Executive Committee, 3 April 1982, p. 2; Minutes of the meeting of the Mini-National Executive Committee, minute, 1 April 1982, p. 1; minute, 3 April 1982, p. 12.

28 ECA(S.A.), Supporting Documentation for the National Executive Committee, 30-31 March 1984, p. 24; ECA(S.A.), Circulars, E. 1983/68: Synopsis of the Decisions taken at the National Executive Committee meeting, 21-22 October 1983, p. 5; ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 21-22 October 1983, p. 25.

29 ECA(S.A.), Supporting Documentation for the National Executive Committee, 5-6 October 1984, p. 12.

30 ECA(S.A.), Synopsis of Decisions taken at the National Executive Committee, 5-6 October 1984, p. 9.

31 *Electrix*, November 1983, pp.1-2; *South African Electrical Industry*, November 1983, p. 6.

van die EAV(S.A.)-lede gebruik maak, die elektrotegniese werk aan bepaalde regulasies voldoen en gewaarborg sou word.

Die EAV(S.A.) het ook ander vorme van die gedrukte media ingespan om die publiek in te lig oor die veilige gebruik van elektrisiteit in en om die huis. Veral gevare ten opsigte van die foutiewe bedrading van huishoudelike toestelle is uitgewys. [32] Die radio is ook effektief as bemarkingsmiddel gebruik. Hierin het senders soos Springbok Radio, Radio Five, Radio Port Natal en die Engelse Radiodiens gedurende die middel tagtigerjare 'n belangrike rol gespeel om Jan Publiek oor elektrifisering in te lig. Kundigheid en professionaliteit as vername dienste deur EAV(S.A.)(S.A)-lede is beklemtoon.[33] Hierdie aksies het daartoe bygedra dat die EAV(S.A.) gedurende heirdie periode 'n groter huishoudelike naam geword het as in enige ander stadium van sy bestaan.

### 5.2.3 EAV(S.A.) betrokke by wetgewing

- **Die Wet op Elektriese Draadmanne en Kontrakteurs vervang deur die Wet op Fabrieke, Masjiene en Bouwerk.**

Gedurende 1978 – 1979 het die regering begin voorbereidings tref om die Wet op Elektriese Draadmanne en Kontrakteurs (Electrical Wireman and Contractors Act) van 1939 by die Wet op Fabrieke, Masjiene en Bouwerk (Factories, Machinery and Building Work Wct) in te sluit. Ook die EAV(S.A.) het insette in hierdie verband aan die regering gelewer.[34]

---

32 *The Reader's Digest*, November 1982, pp. 187-191; *Farmers Weekly*, 28 October 1983, pp. 20-21; *The Natal Mercury's weekend homefinder supplement*, 26 November 1983, p. 2; 11 February 1984, p. 3; 2 June 1984 p. 2.

33 Radio-onderhoude: Radio Port Natal, Newscase (11h30), 22 February 1984 Engelse Radiodiens, Radio Today (7h40), 23 February 1984; Radio Five, Breakfast Show, 1984; Springbok Radio, Springbok Tonight, 1984.

34 ECA(S.A.), Report of the Director for the National Sub-Committee on Technical Affairs, Annexure "A", report, 23 February 1978, pp. 1-2.

As deel van die hersiening van die wet is die definisie van 'n draadman sodanig aangepas dat dit die werk van elektrisiëns ingesluit het en dat die hoofkontrakteur 'n persoon wat die werk suksesvol en met veiligheid kan afhandel, as subkontrakteur kon aanstel.[35] Op aanbeveling van die EAV(S.A.) is die nodige beskermingsklousules wat alle elektriese installasies dek, ook in die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk opgeneem.[36] Hierdie wet is ook sodanig gewysig dat dit die nuwe gebruikskode vir die bedrading van persele ingesluit het.[37]

Op 1 Maart 1982 is die Wet op Elektriese Draadmanne en Kontrakteurs (1939) geskrap en opgeneem in die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk. Dit het meegebring dat die gebruikskode vir die bedrading van persele ook vanaf 1 Maart 1982, verpligtend was.[38]

- **"Veiligheid eerste" met die Wet op Masjinerie- en Beroepsveiligheid**

Gedurende 1987 het die EAV(S.A.) insette en kommentaar gelewer ten opsigte van die verbetering van die Wet op Masjinerie- en Beroepsveiligheid (Machinery and Occupational Safety Act).[39] In Oktober 1992 het die EAV(S.A.) ook op 'n suksesvolle wyse aanbevelings gemaak ten opsigte van die elektriese installasieregulasies wat ingesluit is by die Wet op Masjienerie- en Beroepsveilighheid.[40] 'n Groter mate van

---

35 ECA(S.A.), Minutes of the National Sub-Committee on Technical Affairs, Minute, 22 June 1979, p. 2; ECA(S.A.), Minutes of the meeting of the National Executive Committee, Minute, 26-27 October 1979, p. 11.

36 ECA(S.A.), Minutes of the National Sub-Committee on Technical Affairs, minute, 18 October 1978, pp. 2-3; ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 19 October 1978, p. 18.

37 ECA(S.A.), Minute of the meeting of the National Sub-Committee on Technical Affairs, minute, 23 June 1978, p. 4.

38 R.S.A., Staatskoerant 7972, 30 Desember 1981, p. 5; ECA(S.A.), Chairman's Report, Port Elizabeth Branch/Voorsittersverslag Port Elizabeth-tak, Mnr. B. Waldrick, report, 30 June 1982, p. 2.

39 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the Finance Sub-Committee, Minute, 26 March 1987, p. 27; Minutes of a meeting of the National EAC / AMEU / Liaison Committee, 16 June 1987, pp. 1-2; Letter: Mr. L.M. Bowles, AMEU, Springs / EAC; Transvaal Region, Jeppestown, 16 June 1987, pp, 1-2.

40 ECA(S.A.), Supporting Documentation for the National Executive Committee meeting, 5-6 November 1992, p. 5.

bewustheid van die EAV(S.A.) se rol het onder byvoorbeeld die publiek, professionele mense en munisipaliteite ontwikkel.[41]

Volgens die hersiene wetgewing is elektrotegniese aannemers verplig om by die Elektrotegniese Aannemersraad (Electrical Contracting Board) te registreer. Verder moes daar weer om lisensies aansoek gedoen word as die lisensies wat deur die elektrisiteitsvoorsieningsowerhede uitgereik is, verval het. Alle nuwe lisensies is hierna net deur die Elektrotegniese Aannemersraad uitgereik.[42]

### 5.2.4 Opleiding steeds 'n prioriteit vir die EAV(S.A.)

- **Die EAV(S.A.) en vakleerlingopleiding**

Gedurende 1978 het die EAV(S.A.) in beginsel, in samewerking met die South African Electrical Worker's Association (SAEWA), toegestem dat die opleidingstydperk van vakleerlinge van vyf jaar tot vier jaar verkort is. Hierdie stelsel van die verkorte vakleerlingtydperk is op 2 November 1979 in werking gestel.[43] Met die verkorte opleidingstydperk is die fokus eerder op intensiewe opleiding as op uitgebreide opleiding gerig. Dit het meegehelp om die kroniese tekort aan opgeleide arbeid te verlig.[44]

Verder het die verkorting van die vakleerlingskap meegebring dat die opleidingskedule deur die Subkomitee vir Tegniese Sake en die Subkomitee vir Algemene Opleiding en Werwing aangepas moes word.[45] Teen September 1974 is suksesvol met die EDRR en die SAEWA onderhandel met die oog op die instelling

---

41 ECA(S.A.), Supporting Documentation for the National Executive Committee meeting, 25-26 March 1993, p. 18.

42 ECA(S.A.), *Engineering News*, February 1993, p. 25.

43 Republiek van Suid-Afrika (RSA), Kennisgewing no. 6643, 31 August 1979; EAC (S.A.), Minutes of the meeting of the National Executive Committee, minute, 26-27 October 1979, p.10.

44 ECA(S.A.), Presidential Address: 30th Annual General meeting, 20 October 1978, p. 2; ECA(S.A.), Report of the Director for the forthcoming meeting of the National Executive Committee, report, 24 June 1978, pp.4-5; report, 17 February 1979, p. 4.

45 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 19 October 1978, p.6, 8; minute, 24 June 1978, p.9.

van twee klasse van halfgeskoolde arbeiders, naamlik die Elektriese Leikanaal Installeerder (Electrical Conduit Installer) en die Leerling Elektriese Leikanaal-Installeerder (Learner Electrical Conduit Installer).[46]

Opleidingskursusse vir vakleerlinge op hierdie terrein was baie populêr, en teen Oktober 1977 was daar ongeveer 37 geregistreerde Elektriese Leikanaal Installeerders in die elektrotegniese aannemersbedryf.[47] Leemtes wat geïdentifiseer is, is die ontoereikende opleidingskedules.[48] In 'n poging om die probleem sinvol te hanteer, is vakleerlinge vanaf 2 November 1979 verplig om 'n praktiese werkswinkelopleiding van een week by te woon.[49] Die Transvaalstreek het hierin die voortou geneem, gevolg deur die Tegniese Kolleges van Oos-Londen, Port Elizabeth en Bloemfontein.[50]

Dit wil voorkom of werkgewers nie geneë was om hul werker-vakleerlinge na die praktiese werkswinkels te stuur nie, waarskynlik omdat die vakleerlinge wat die werkswinkels bygewoon het, vir 'n week lank van die werk afwesig was en die koste daarvan hoog was. Om die bywoning van die sessies aanlokliker te maak, is die vakleerlinge wat die sessies bygewoon het, se koste deur die Ontwikkeling en Opleidingsfonds vir die Elektrotegniese Aannemersbedryf gedeel.[51] Voorts is 'n hersiene opleidingskedule[52] ingestel waarvolgens leerlingvakmanne onderwerp is aan teoretiese en meganiese aanlegtoetse. Leerlingvakmanne het op 'n

---

46 ECA(S.A.), Special meeting of the National Executive Committee, 7 September 1974, pp. 10-11.

47 ECA(S.A.), Minutes of the meeting of the National Sub-Committee on Labour Affairs, minute, 13 October 1977, p.11.

48 ECA(S.A.), Report of the Director for the National Sub-Committee on Labour Affairs, report, 18 February 1977, p. 3.

49 Republiek van Suid-Afrika (RSA), Kennisgewing no R1875, 31 August 1979; ECA(S.A.), Circulars, E. 1980/73: Practical Training for Apprentices, 17 July 1980, pp.1-2.

50 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, Minute, 31 July 1981 – 1 August 1981, p.16.

51 ECA(S.A.), Minutes of the Thirty Second Annual General meeting, President's Report, 17 October 1980, p. 3; ECA(S.A.), Supporting Documentation for the National Executive Committee meeting, 30-31 March 1984, p. 5; ECA(S.A.), Supporting Documentation for the National Executive Committee meeting, 30-31 March 1984, p. 21.

52 ECA(S.A.), Supporting Documentation and up to date Report on the Activities of the Association for the National Executive Committee meeting, report, 5-6 August 1983, p.12.

sesmaandelikse basis tussen werkgewers geroteer met die oog op die verwerwing van 'n wyer basis van kundigheid.[53]

- **Nuwe terreine in opleiding beproef.**

Die EAV(S.A.) was teen die tagtigerjare, opmerklik, aan die voorpunt van ontwikkeling wat opleidingsprogramme en die ontwikkeling van kursusse betref. Hieronder tel die Toesighouer- en die Voormankursus wat gedurende 1978 bekend gestel is.[54] Daarna het gevolg 'n sillabus vir die verwerwing van 'n diploma in die elektrotegniese aannemersbedryf.[55] Die EAV(S.A.) het ook 'n bedrag beskikbaar gestel om voltydse werknemers in staat te stel om vir hierdie en ander verwante kursusse in te skryf.[56]

Die prominente rol wat die sekretariële werkgewer op op streeks- en takvlak speel, het die EAV(S.A.) laat besluit om opleiding in hierdie rigting te stuur. Verskeie sekretariële kursusse is in hierdie verband deur die EAV(S.A.) ondersoek.[57] Daarop is die Dale Carnegie Sales-kursus gekies, en taksekretaresses is aangemoedig om hierdie kursus te volg.[58]

Teen die vroeg-tagtigerjare was die EAV(S.A.) ook nou betrokke by die vervaardiging van video opleidingsprogramme. Hierdie projek is op 15 Oktober 1981 met behulp van die firma Iconotrain geloods.

---

53 ECA(S.A.), Circular, E. 1983/68: Synopsis of Decisions taken at the National Executive Committee meeting, 21-22 October 1983, 27 October 1983, p. 6; Minutes of a meeting of the National Executive Committee, 21-22 October 1983, pp. 26-28.

54 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 18 February 1978, p.10.

55 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the Development and Training for the Electrical Contracting Industry, minute, 28 February 1980, p. 3.

56 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 15-16 October 1982, p.6.

57 ECA(S.A.), Circulars, E. 1981/81: Supplementary to the Agenda for the National Executive Committee, 31 July 1981 – 1 August 1981, pp. 36-37.

58 ECA(S.A.), Supporting Documentation to the Agenda of the National Executive Committee, 19-20 March 1981, p.22.

Onwikkelingsprogramme ten opsigte van die Costing for Profit en How to Read a Balance Sheet is gedurende 1980 gehou. Hierdie programme het die vorm van werkswinkels aangeneem, en sowat 20 persone per geleentheid is opgelei.[59]

Gedurende 1983 is 'n diplomakursus in Electrical Contracting Management ingestel. Hierdie kursus is moontlik gemaak deur die OOF en is deur middel van werkswinkels in al die hoofsentra aangebied.[60] Besigheidsadministrasie asook tenderprosedures en kontrakdokumentasie het deel van hierdie kursus gevorm.[61]

Gedurende Julie 1986 het die NUK van die EAV(S.A.)(S.A) toestemming verleen dat 'n fonds vir alle vlakke van opleiding – die Elektriese Ontwikkeling en Opleidingsfonds (EOOF)/Electrical Development and Training Fund (EDTF) gestig moet word, end at dit deur die EAV(S.A.) self beheer moes word. Met die voorgenome stigting van die fonds was dit nodig dat die bestaande Ontwikkeling en Opleidingsfonds(OOF)/Development and Training Funds (DTF) ontbind en al sy bates en laste aan die voorgenome EOOF oorgedra moes word.[62] Nadat hierdie proses van stapel gestuur is, is die EOOF op 3 Maart 1989 gestig,[63] waarna die

---

59 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 19-20 March 1981; *Ibid.*, minute, p. 30;30 ; *Ibid.*, minute 2-3 July 1982, p. 30 ; *Ibid.*, minute, July 1981 – 1 August 1981, p. 18; ECA(S.A.), Supporting documentation to the agenda of the National Executive Committee, 19-20 March 1981, p. 22.

60 ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee, 25-26 March 1983, p.18.

61 Vergelyk *Electrix*, February 1984, p. 6; *Sunday Tribute*, 5 February 1984, p.8; *Engineering News*, 10 February 1984, p. 9; *The Natal Mercury's Weekend Homefinder Supplement*, 18 February 1984, p. 6; *South African Industrial Week*, 14 February 1984, p.10; *Vector News Review*, March 1984, p. 11; *Natal Equipments News*, March 1984, p.8.

62 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Management Committee, minute, 10-11 February 1987, p. 3.

63 ECA(S.A.), Supporting Documentation for the National Executive Committee, 25-26 March 1988, p. 11; Minutes of a National Management Committee meeting, minute, 9 March 1989, p. 1; Minutes of a meeting of the National Training Advisory Committee, minute, 9 March 1989, p. 7; Minutes of the National Executive Committee, minute, 17 March 1989, p. 12; RSA, Government Gazette, no. 11719, 3 March 1989, p.16 ; ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Training Advisory Committee, minute, 13 July, p. 3;

OOF op 9 Maart 1989 ontbind het.[64] Die EAV(S.A.) het verder van die OOF-personeel aangestel om die EOOF se administrasie te behartig.[65]

Ondertussen is aanvullende kursusse opgestel om aan al die behoeftes van die bedryf te voldoen en vanaf 1988 deur die EAV(S.A.) aangebied. Arbeidsverhoudinge en kleinbesigheidsbestuur het deel van die kursusse gevorm.[66] 'n Ondersoek is ook geloods na die moontlike samestelling van kursusse vir byvoorbeeld die installering van T.V.-antennas, sweiswerk asook die installering van alarmsisteme.[67]

Teen Maart 1989 het die EAV(S.A.) ondersoek ingestel na die moontlikheid om bestuurskursusse op 'n telematiese basis aan te bied.[68] Vanaf 1990 is verskeie EAV(S.A.) kursusse aangepas om ook by die nuwe doseerformaat in te skakel.[69]

Om opleidingsgeleenthede na die plattelandsgeoriënteerde streke te neem is drie Ventersleepwaentjies in 1990 aangeskaf om opleidingstoerusting te vervoer.[70] Gedurende 1991 is sowat R112 duisend beskikbaar gestel vir opleidingsfasiliteite op die platteland. Hierdie projek het 'n mobiele klaskamer met die nodige gereedskap ingesluit.[71]

---

64 ECA(S.A.), Circulars, ECA. 00652/89: Responsiblities of ECA(S.A.) in administering the Industry Training Board of the Electrical Contracting Industry and the Electrical Development and Training Fund for The Electrical Contracting Industry, 13 March 1989, p.1.

65 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Training Advisory Committee, 28 January 1988, p. 8.

66 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Training Advisory Committee, minute, 28 January 1988, p. 10.

67 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Training Advisory Committee, minute, 28 Janaury 1988, p.10.

68 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Training Advisory Committee, 17 March 1989, p. 13.

69 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Training Advisory Committee, minute, 6 February 1991,p. 6; Minutes of a meeting of the National Training Advisory Committee, 7 February 1990, p. 7; minute, 14 June 1990, p. 7.

70 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Training Advisory Committee, minute, 14 June 1990, p. 5.

71 ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee, 21-22 May 1991, p.20.

- **Die Nasionale Opleidingskomitee – EAV(S.A.) neem beheer oor elektrotegniese opleiding**

Tot 1983 was die opleiding van elektrotegniese aannemers onder beheer van die boubedryf se opleidingskomitees.[72] Die EAV(S.A.) het hom beywer vir die stigting van 'n eie Nasionale Opleidingskomitee(NOK) vir die elektrotegniese aannemersbedryf.[73] 'n Versoek in dié verband is deur BIFSA teengestaan. Die rede was dat BIFSA van mening was dat die elektrotegniese aannemersbedryf deel was van die boubedryf en nie afgesonder kon word nie.[74]

BIFSA het klaarblyklik die Nasionale Opleidingsraad(NOR) versoek om nie aan die REAV(S.A.) toestemming te gee vir die stigting van 'n opleidingskomitee vir die elektrotegniese aannemersbedryf nie. Dit was egter nie suksesvol nie, en op 29 Junie 1983 is toestemming van die NOR verkry om 'n nasionale opleidingskomitee vir die elektrotegniese aannemersbedryf te stig.[75]

'n Stigtingsvergadering is op 1 September 1983 gehou. Hierdie vergadering is bygewoon deur verteenwoordigers van die Departement van Mannekrag, die EAV(S.A.) en die SAEWA. Die Departement van Mannekrag het vereis dat alle belangstellende partye deel moet vorm van dié NOK-inisiatief van die EAV(S.A.) – ook BIFSA en die ECAIA.[76]

Dit is gedoen en die EAV(S.A.), die ECAIA, die Natal Electrical Installers Engineers' Association sowel as die BIFSA het daarmee ingeskakel. SAEWA en EATUSA het

---

72 *Engineering News*, 18 November 1983, p. 15; *The Natal Mercury*, 9 November 1983, p.15; *Building Equipment & Materials*, January 1984, p. 6.

73 ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee, 25-26 March 1983, p. 17.

74 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 25-26 March 1983, p. 17.

75 ECA(S.A.), Supporting documentation and up to date report on the activities of the association for the National Executive Committee meeting, 5-6 August 1983, pp. 11-12; Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 5-6 August 1983, p. 25.

76 ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee meeting, 21-22 October 1983, p. 5.

die werknemers verteenwoordig.[77] Die NOR het as onafhanklike liggaam alle leerlingvakmansake binne die elektrotegniese bedryf behartig. Die opstelling van opleidingskedules was deel daarvan. Gevolglik is die NOR bemagtig om te verseker dat leerlingvakmanne opgelei word om aan die behoeftes van die tyd in die bedryf te voldoen. Die beskikbaarstelling van opleidingsfasiliteite is deur die NOR as 'n hoë prioriteit beskou.[78] Dit het binne streeksverband gerealiseer (Kyk Hoofstuk Ses).

- **Elektrotegniese Aannemersbedryfsraad - EAV(S.A.) in beheer van bedryfsopleiding**

Afgesien van die NOK het die EAV(S.A.) ook in die vroeg-tagtigerjare die inisiatief geneem vir die daarstelling van 'n Elektrotegniese Aannemersopleidingsraad/ Electrical Contracting Industry Training Board (EABOR) met die doel om veral opleiding en dienslewering van gehalte te bevorder. In November 1982 het die NOR (Kyk Afdeling 4.7.3 van Hoofstuk Vier) die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) genader om 'n ondersoek te onderneem na elektrotegniese leerlingvakmanskap en vakman-opleiding. Mnr. A. Pittendrigh het die ondersoek gelei.

Nadat die stigting van 'n EABOR (ECITB) deur 'n ondersoekkommissie aanbeveel is, het die Regering so 'n stap goedgekeur.[79] Die werklike totstandkoming van die EABOR[80] het egter eers op 13 September 1988 binne die raamwerk van die Nasionale Opleidingsraad (NOR) plaasgevind met mnr. S.C.M. Naudé as eerste voorsitter.[81] Hiermee is 'n eenvormige elektrotegniese aannemerslisensie

---

77 ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee, minute, 27-28 July 1984, p. 3.

78 *Electrix*, September 1983, pp. 8-9; *Vector*, February 1984, p.7.

79 ECA(S.A.), Minutes of the Inaugural meeting of the Industry Training Board, minute, 13 September 1988, p. 2.

80 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Management Committee, minute, 25 May 1988, p. 6.

81 ECA(S.A.), Minutes of the Inaugural meeting of the Industry Training Board, minute, 13 September 1988, p.1.

bekendgestel,[82] en belangrike insette ten opsigte van opleiding is deur die EABOR aan die Nasionale Opleidingsadviesraad gelewer.

Daarby is die EABOR ook bygestaan deur 'n Vakmanopleidingskomitee/ Committee for Artisan Training, en hulle was ook betrokke by indiensopleiding.[83] Op 30 November 1988 is 'n grondwet vir die EABOR gefinaliseer,[84] en die administrasie van die EABOR is deur die EAV(S.A.)-personeel behartig.[85] Dit het meegebring dat die nodige strukture inplekgestel is vir die doeltreffende funksionering van die EABOR binne die raamwerk van opleidingstake daaraan toegewys.

### 5.2.5 Die EAV(S.A.) as leier op tegniese gebied

Die EAV(S.A.) het op tegniese gebied saamgewerk met die AMEU, deurdat die EAV(S.A.) verteenwoordiging op die AMEU se Tegniese komitees gehad het. Tydens vergaderings is gemeenskaplike probleme bespreek en inligting ten opsigte van elektriese materiale en toerusting uitgeruil.[86] Inligting ten opsigte van die nuutste tegnologie in elektriese toerusting en produkte is op 'n gereelde grondslag aan takke en lede deurgegee.[87]

Die EAV(S.A.) het die gebruik van nie-geïsoleerde kabels/ (unarmoured cables) goedgekeur omdat hierdie kabels nie 'n funksie as 'n aardgeleier het nie en dit ook nie meganiese of elektriese beskerming bied nie. Dit is beskou as makliker om te installeer, en goedkoper om te vervaardig.[88] Ander organisasies soos die

---

82 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Electrotechnical Advisory Committee, minute, 7 February 1989, p. 6.

83 ECA(S.A.), Letter: S.B.A. Isaacs, National Training Advisory Committee, Kenwyn / J.C. Baker, ECA(S.A.), Jeppestown, 20 November 1987, p. 3.

84 ECA(S.A.), Circular, ECA 00289/87: Constitution of the Electrical Contracting Industry Training Board, pp.1-13.

85 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Training Advisory Committee, minute, 28 January 1988, p. 6.

86 ECA(S.A.), Report of the Director for the forthcoming meeting of the National Executive Committee, report, 17 February 1978, p. 21.

87 ECA(S.A.), Circulars, E. 1980/20: New Electrical Commodities, 22 February 1980, p1; ECA(S.A.), Circulars, E. 1980/55: New Electrical Commodities, 21 May 1980, pp. 1-2.

88 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, Minute, 5-6 August 1983, pp. 14-15.

poskantoor en munisipaliteite is deur die EAV(S.A.) genader om hulle menings te lug ten opsigte van die gebruik van sodanige kabels[89] -'n tipiese voorbeeld van konsensus as metode wat gereeld in die EAV(S.A.) se werkswyse gevolg is.

Die EAV(S.A.) het ook op internasionale forums opgetree en deelgeneem om die nuutste kundigheid te verken. Een hiervan was die Wêreld-Prop- en Kontaksokstelselvergadering/World Plug and Socket Meeting wat gedurende Oktober 1983 in Tokio gehou is.[90] Die vernaamste doel van die byeenkoms was om 'n gestandaardiseerde prop- en kontaksokstelsel saam te stel. Die EAV(S.A.) was nie ten gunste van die toepasing van sodanige prop- en kontaksokstelsel in Suid-Afrika nie, aangesien die Vereniging van mening was dat Suid-Afrika eerder sy eie prop- en kontaksokstelsel moet vervaardig volgens standaarde wat plaaslik aanvaarbaar en toepaslik is.[91]

Vervaardigers in Suid-Arika was egter huiwerig om 'n nuwe prop- en kontaksokstelsel te ontwikkel en te vervaardig as gevolg van die feit dat bestaande gereedskap aangepas moes word en dat dit te koste-intensief sou wees.[92] Tydens samesprekings tussen die EAV(S.A.) en die vervaardigers is besluit dat die 13 ampére prop- en kontaksokstelsel in Suid-Afrika gebruik sal word.[93]

In 1986 is etlike vergaderings tussen die EAV(S.A.) en vervaardigerslede gehou om die nut van die 13 ampére prop-[94] en kontaksokstelsel se opgradering tot 20 ampére te bespreek.[95] Die samestelling van 'n werkgroep het gevolg. Takke en lede is

---

89 ECA(S.A.), Circulars, E. 1983,44: Synopsis of Decision taken at the National Executive Committee meeting, 5-6 August 1983, p. 5.

90 ECA(S.A.), Circulars, E. 1983/44: Synopsis of Decisions taken at the National Executive Committee meeting, 5-6 August 1983, p. 5.

91 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, Minute, 5-6 August 1983, p. 20.

92 ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee meeting, 27-28 July 1984, p. 28.

93 ECA(S.A.), Synopsis of decisions taken at the National Executive Committee meeting, 27-28 July 1984, p. 10; ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee meeting, 5-6 October 1984, p.11.

94 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Management Committee, minute, 21 January 1986, p.1.

95 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the associate members, minute, 17February 1986, p. 3.

genader sodat hulle waardevolle[96] kommentaar en aanbevelings verkry kon word.[97] Hierna het 'n samewerking tussen die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde en die EAV(S.A.) rakende die ontwikkeling van die 20 ampére prop- en kontaksokstelsel in 1987 gevolg.[98]

'n Ander tegnies-gerigte mylpaal wat die EAV(S.A.) behaal het, was die verantwoordelikheid wat deur die Nasionale Bounavorsingsinstituut (NBNI) aan die EAV(S.A.) toegesê is vir die elektrifisering van Soweto.[99] Ander samesprekings het ook tussen die NBNI en die EAV(S.A.) geskied. Tydens sodanige geleenthede is die NBNI daarvan verseker dat die EAV(S.A.) oor die nodige kundigheid beskik[100] om groot projekte te voltooi.[101]

### 5.2.6 Die elektrotegniese aannemersbedryf verkry 'n eie Nasionale Industriële Raad (NIR)

As gevolg van deaffiliasie met BIFSA is die stigting van 'n Nasionale Industriële Raad (NIR) vir die elektrotegniese aannemersbedryf as noodsaaklik geag, aangesien die EAV(S.A.) hiermee eenheid en stabiliteit in die elektrotegniese aannemersbedryf kon bewerkstellig – sonder die inmenging van die BIFSA.[102] Ten

---

96 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 2-3 July 1987, p. 37.

97 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 18 July 1986, p. 23.

98 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 27 March 1987, p. 28.

99 ECA(S.A.), Supporting documentation to the agenda of the National Executive Committee, 4-5 July 1980, p. 11.

100 Vergelyk ECA(S.A.), Minutes of the meeting of the National Executive Committee, minute, 14-15 March 1980, p. 27. In Hoofstuk Sewe is meer toeligting oor sommige streekslede se kundigheid en projekte. ECA(S.A.), Circulars, E. 1980/118: Greater Soweto Electrification Project, 28 October 1980, p.1; E. 1980/111: Greater Soweto Electrification Project, 21 October 1980, p.1; *The Star*, 1 April 1980.

101 ECA(S.A.), Minutes of the meeting of the National Executive Committee, minute, 14-15 March 1980, p.27.

102 ECA(S.A.), Director's Report of Special meeting of the National Executive Committee, report, 7 September 1974, p. 6; Report of the Director for the National Sub-Committee on Labour Affairs, report, 13 October 1977, pp. 6-7; Proposed conditions of employment policy prepared and recommended by the National Sub-Committee of the Electrical Contractors' Association, p. 6.

spyte van teenkanting van die BIFSA het die EAV(S.A.) voortgegaan om hom te beywer vir die stigting van die NIR.[103] Gedurende 1978 is 'n werksgroep saamgestel om die bevrediging van hierdie behoefte te bespoedig.[104]

Onder die leiding van die EAV(S.A.) is die stigtingsvergadering van die voorgestelde NIR op 27-28 September 1979 gehou.[105] Teen Augustus 1983 is aan 'n grondwet vir die NIR aandag geskenk.[106] Hierdie konsepdokument is aan lede en takke deurgegee sodat hulle aanbevelings kon maak[107] en die finale dokument opgestel kon word.

### 5.2.7 Die Gedragskode vir die Bedrading van Persele hersien

Die nuwe gedragskode vir die bedrading van persele is teen die einde van 1977 voltooi. Dit is vroeg in 1979 in Afrikaans en Engels beskikbaar gestel.[108] Tot Junie 1979 was die nuwe gedragskode gelyktydig met die "ou gedragskode" (Kyk Hoofstuk Vier) gebruik, totdat laasgenoemde uitgedien was.[109] Daar was ook 'n behoefte aan lesings ter bekendstelling en verduideliking van die Gedragskode vir

---

[103] ECA(S.A.), Report of the Director for the forthcoming meeting of the National Committee, report, 19 October 1978, p. 9.

[104] ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 18 February 1978, p. 5; minute, 23 June 1979, p. 4.

[105] ECA(S.A.), Minutes of a meeting of Branch Chairman Secretaries and Management Committee, minute, 13 September 1979, pp. 1-2.

[106] ECA(S.A.), Supporting Documentation and up to date report on the activities of the Association for the National Executive Committee, 5-6 August 1983, p. 5.

[107] ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 5-6 August 1983, p. 11.

[108] ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 18 February 1978, p.12; Presidential address: 30th Annual General meeting, 20 October 1978, p. 4; Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 24 June 1978, p.15.

[109] ECA(S.A.), Report of the Director for the National Sub-Committee on Technical Affairs, report, 23 February 1979, pp.1-2.

die Bedrading van Persele. Om hierdie rede is toere wat lede en takke verder sou kon inlig oor die gedragskode vir die bedrading van persele, onderneem.[110]

Die verantwoordelike subkomitee van die EAV(S.A.) het ook deur middel van samesprekings met die Association of Municipal Electricity Undertakings (AMEU) pogings aangewend om 'n gentlemen's agreement te sluit waarvolgens die vereniging ook van sy kant af sou help sodat die gedragskode vir die bedrading van persele op nasionale vlak toegepas kon word.[111] Die AMEU het egter besluit om nie die nuwe gedragskode vir die bedrading van persele te gebruik nie maar eerder hulle bestaande stelsel te behou, aangesien hulle bywette daarby aangepas het. Takke is egter aangemoedig om die AMEU te oorreed om die nuwe gedragskode vir die bedrading van persele te aanvaar.[112] Dit blyk dat hierdie versoeke aan die AMEU vrugte afgewerp het, aangesien die nuwe gedragskode vir die bedrading van persele sedert 1980 deur die meeste munisipaliteite toegepas is.[113]

Onduidelikheid het 'n tyd lank bestaan ten opsigte van die interpretasie van die gedragskode vir die bedrading van persele.[114] As gevolg van dié onduidelikheid het probleme tussen EAV(S.A.) en die elektrisiteitsvoorsieningsowerhede voorgekom.[115] Dit was vir die EAV(S.A.) van belang dat doeltreffende kommunikasiekanale ingestel moes word om hierdie probleme ten opsigte van die interpretasie van die

---

110 ECA(S.A.), Supporting Documentation on the agenda of the National Sub-Committee on Technical Affairs, 25 October 1979, p.7; Minutes of the meeting of the National Executive Committee, minute, 26-27 October 1979, p.12; Report of the Director for the forthcoming National Executive Committee, Report, 23 June 1979, p. 7; Minutes of the inaugural meeting of the Development and Training Fund for the Electrical Contracting Industry, minutes, 9 April 1979, p. 3; Minutes of a meeting of the Branch Chairman, Secretaries and Management Committee, minute, 13 September 1979, p. 3.

111 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 24 June 1978, p.14.

112 ECA(S.A.), Minutes of the meeting of the National Executive Committee, minute, 26-27 October 1979, pp. 10-11; ECA(S.A.), Circulars, E. 1980/02: New Code of Practice for the Wiring of Premises, 21 January 1980, p.1.

113 ECA(S.A.), Chairman's Report, report, 4 September 1980, p. 1; Minutes of the Thirty Third Annual General meeting, president's report, 31 October 1981, p. 4; *The Natal Mercury,* 29 November 1980, p. 5.

114 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 3 April 1982, p. 34.

115 ECA(S.A.), Synopsis of decisions taken by the Mini-National Committee meeting, 26-27 January 1984, p.16.

gedragskode op te los. Om dié rede is videobande ter verduideliking en bevordering van die gedragskode vervaardig. Dit is ook te huur en te koop aangebied.[116]

Vervolgens is werkswinkels en opleidingsprogramme ten opsigte van die Gedragskode vir die Bedrading van Persele opgestel.[117] Hiermee kon die EAV(S.A.) sy lede beter toelig oor die gebruik en interprestasie van die gedragskode.[118] In 1987 het die EAV(S.A.) vervaardigers in die elektriese bedryf genader om 'n videoprogram ten opsigte van die gedragskode vir die bedrading van persele te borg.[119] Deur die video-program is die gedragskode verduidelik, en so is moontlike probleme so ver dienlik beperk.

Vanaf 1987 het die EAV(S.A.) die gedragskode vir die bedrading van persele ook in die opleidingskedules vir vakleerlinge opgeneem.[120] Dit sou beteken dat vakleerlinge getoets word ten opsigte van die interpretasies van die gedragskode.

'n Hersiening van die Gedragskode is op 'n gereelde basis gedoen[121] en bekendgestel.[122] Daarmee het die EAV(S.A.) 'n prominente bydrae gelewer tot die veiligheid en standaardisering rakende die elektriese bedrading van persele.

---

116 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Sub-Committee on Technical Affairs, minute, 23 February 1979, p. 4; Minutes of a meeting of the National Sub-Committee on Technical Affairs, minute, 25 October 1979, p. 2.

117 ECA(S.A.), Synopsis of decisions taken at the National Executive Committee meeting, 30-31 March 1984, pp. 10-11.

118 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National ECA/ AMEU / ESCOM Liaison Committee, minute, 17 February 1986, p. 2.

119 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Training Advisory Committee, minute, 29 June 1987, p.2.

120 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 7 August 1987, p. 35.

121 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Electrotechnical Advisory Committee, meeting, 7 February 1989, pp. 2-5.

122 Vergelyk ECA(S.A.), Minutes of a Regional Directors Staff meeting, minute, 20 July 1989, p. 3; Circulars, ECA /WP 312/93: Proposed Strategic plan for the ECA(S.A.) for 1993, p. 9; Supporting Documentation for the National Executive Committee, 7-8 November 1996, p.15.

### 5.2.8 Aanvoorwerk vir 'n Federasie van Sub-Kontrakteurs en Verwante Bedrywe (FSVB)

Tot dusver is aangetoon dat die EAV(S.A.) gedurende die tagtiger-negentigerjare twee besonder aktiewe dekades in die professionalisering van die elektrotegniese bedryf beleef het. In die voorsiening van die behoefte aan 'n groter skakeling met verwante bedrywe is ook meegedoen. Verskeie sektore in die boubedryf, soos byvoorbeeld loodgieterswerk, pleisterwerk en messelwerk, was teen 1982 in 'n proses om hulle eie verenigings te stig. Die algemene gevoel onder EAV(S.A.)-lede was dat 'n federasie gestig moes word waarby al die sub-kontrakteursverenigings, ook die EAV(S.A.), kon affilieer.

Die voorstel vir sodanige stigting is aan 'n stemming onderwerp. Dit is met 11 stemme teen 7 aanvaar. Op 11 Maart 1982 het alle belanghebbende partye bymekaar gekom om die stigting van die voorgenome federasie te bespreek.[123] 'n Bedrag van R10 000 is daarop deur die EAV(S.A.)(S.A) bewillig vir die ondersoek na die wenslikheid al dan nie van die stigting vir die voorgenome federasie.[124]

Aan die einde van 1982 is 'n ondersoek geloods na 'n soortgelyke organisasie in die Verenigde Koningkryk naamlik Federation of Sub-Contractors and Allied Industries.[125] Na enkele maande het die ondersoek uitgewys dat ambagte soos messelwerk, pleisterwerk en verfwerk nie werklik by die voorgestelde federasie inpas nie. Gedurende Junie 1983 het 'n EAV(S.A.)-afvaardiging West Sussex in Engeland besoek. Ondersoek is ook in gestel na 'n soortgelyke federasie aldaar.[126]

---

[123] ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the Mini-National Executive Committee, minute, 21 February 1983, p. 10; Supporting documentation for the National Executive Committee, 25-26 March 1983, p.11.

[124] ECA(S.A.), Minutes of the meeting of the National Executive Committee, minute, 15-16 October 1982, pp. 9-11.

[125] ECA(S.A.), Circulars, E. 1982/147: Competitions Board – Prohibition Notice published by the Minister of Industries, Commerce and Tourism, 15-16 October 1982, p.2.

[126] ECA(S.A.), Supporting documentation and up to date report on the activities of the Association for the National Executive Committee meeting, 5-6 August 1983, pp. 5-6; Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 5-6 August 1983, p.11.

Met die toepaslike inligting tot sy beskikking het die EAV(S.A.) voortgegaan om steun onder subkontrakteursorganisasies te werf vir die moontlike stigting van die federasie van subkontrakteurs. Op 29 September 1987 het al die belanghebbende verenigings bymekaar gekom en die stigting van 'n federasie van subkontrakteurs bespreek. Tydens hierdie vergadering is in beginsel besluit dat die stigting van die voorgenome federasie voordelig sal wees.

Die EAV(S.A.) het hier leiding geneem en 'n werkgroep saamgestel. 'n "Verklaring van belangstelling" is deur die werkgroep saamgestel. Organisasies is tot die einde van November 1987 kans gegee om hulle finale aanbevelings vir die voorgenome federasie te maak.[127]

Die stigtingsvergadering van die Federasie van Subkontrakteurs en Verwante Bedrywe (FSVB) is op 18 Februarie 1988 gehou.[128] Daar is begin om die loodgieters en verwers te organiseer sodat hulle by die federasie kon affilieer. 'n Vergadering om die saak ten opsigte van affiliasie te bespreek, het 6-7 Junie 1988 plaasgevind.[129]Tydens hierdie vergadering is ook aparte ambagsverenigings gestig.[130]

Aksieplanne en strategieë is deur die FSVB saamgestel wat tydens BIFSA-vergaderings voorgelê is, sodat dit tot voordeel van subkontrakteurs aangewend kon word.[131] Die FSVB het ook by die EAV(S.A.)(Australië) geleer op welke wyse die beskerming van die subkontrakteur se belange aldaar gedoen word.[132] Die toepaslike inligting is aangepas om by die plaaslike omstandighede, en professionele persone en staatsdepartemente is daarvan bewus gemaak dat 'n

---

127 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 30 October 1987, pp. 4-5 ;14-15.

128 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Management Committee, minute, 16-17 February 1988, p. 3.

129 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Management Committee, minute, 25 May 1988, p. 3.

130 ECA(S.A.), Minutes of a Staff meeting of the EAC (S.A.), minute, 7 July 1988, p. 3.

131 ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee minute, 25-26 March 1993, p. 6.

132 ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee minute, 25-26 March 1993, pp. 6-7.

behoefte bestaan het aan 'n stelsel van versekerde betaling aan die subkontrakteur.[133] Dit is tot sover die behoefte blykbaar gestrek het, aangesien die nodige samewerking en belangstelling andersins nie van potensiële lede verkry is nie. Gevolglik het die FSVB teen Mei 1994 ontbind.[134]

Sommige subkontrakteursverenigings (die EAV(S.A.) ingesluit) het egter hergroepeer binne die BIFSA se subkontrakteurskomitee. Binne hierdie komitee het hulle hul verder beywer vir 'n versekerde betalingstelsel vir subkontrakteurs.[135] Die EAV(S.A.) was van mening dat die Specialist Engineering Contractors' Committee (SECC) 'n al groter rol moes speel om die onderskeie subkontrakteurs opnuut in een organisasie te verenig. Die EAV(S.A.) het sy volle samewerking in dié verband gegee[136] (Kyk Hoofstuk Ses).

### 5.2.9 EAV(S.A.) – Waghond teen misbruikers van die elektrotegniese aannemersbedryf

Die EAV(S.A.) het deur middel van lede kennis geneem van die ontoelaatbare praktyk dat ondergeskikte, minderwaardige en nie-goedgekeurde elektriese materiale en toebehore aan Jan Alleman verkoop word.[137] Gedurende 1983 het die EAV(S.A.) namens die bedryf by die regering aansoek gedoen om die inspeksie- en toetsprosedure, soos toegepas op verbruikersinstallasies, te herroep. Daar is gemeen dat die elektrotegniese aannemer met sy kennis van die bedryf die bes toegeruste persoon is om elektriese installasies na te gaan. Sodoende kon die nodige kwaliteitsbeheer en -kontrole in die bedryf toegepas word. Daar was ook ontevredenheid oor die feit dat die inspeksies en toetsing net toegepas word op

---

133 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the the National Executive Committee, minute, 11-12 November 1993, p. 22.

134 ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee minute, 26-27 May 1994, pp. 3-4.

135 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the the National Executive Committee, minute, 26-27 May 1994, p.13.

136 ECA(S.A.), Letter: Mr. J.C. Baker, ECA(S.A.), Johannesburg / The Secretary, Specialist Engineering Contractors Committee, Gardenview, 6 June 1994, pp. 1-2.

137 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 5-6 August 1983, p. 12.

elektriese installasies wat deur geregistreerde persone uitgevoer is, aangesien dit daarop neergekom het dat daar nie kontrole was oor ongeregistreerde persone (die sogenaamde Backyard-elektrotegnici) wie se inkomste belastingvry was en hulle ook nie tot die OOF bygedra het nie (Kyk Afdeling 4.8.6 van Hoofstuk Vier).[138]Die publiek is teen diesulkes gewaarsku.

Die beginsel waarvolgens elektrisiteitsvoorsieningsowerhede permitte uitgereik het vir elektriese werk, het ook nie die EAV(S.A.) geval nie. Volgens die Vereniging is hierdie permitte op 'n onverantwoordelike wyse toegeken, aangesien permitte ook uitgereik is aan ongeregistreerde persone. Om dié rede het die EAV(S.A.) 'n versoek aan die Regering gerig dat die uitreiking van permitte vir elektriese werk uit die regulasies – soos dit in die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk vervat is, verwyder moes word. Die EAV(S.A.) was van mening dat slegs 'n geregistreerde elektrotegniese aannemer wat 'n geregistreerde persoon in sy diens het, elektriese werk mag doen.[139] Die EAV(S.A.) is, in samewerking met die AMEU en die SABS, deur die Departement van Mannekrag in 1984 gelyk gegee met 'n belofte dat die wetgewing hersien sal word.[140]

### 5.2.10 Genomineerde subkontrakteurstatus – 'n groterwordende realiteit

Gedurende 1978 is die stadsraad van Johannesburg oor die vingers getik omdat tenders vir elektriese werk op 'n nie-genomineerde basis as deel van die boubestekke toegelaat is. Die EAV(S.A.) het dit duidelik aan die Stadsraad gestel dat tenders vir elektriese werk net op genomineerde basis toegeken moet word –

---

[138] *The Star*, 19 March 1984, p. 6; *Newcastle*, 27 November 1987, p. 9; *Zululand Observer*, 6 June 1990, p.10.

[139] ECA(S.A.), Circulars, E. 1983/027: Report on action taken to date, 6 May 1983, p. 5; Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 5-6 August 1983, p. 24.

[140] ECA(S.A.), Circulars, E. 1984/004: Factories, Machinery and Building Word Act 1941, Regulations Electrical Installations, 13 January 1984, p. 1; ECA(S.A.), Supporting Documentation and up to date report on the activities of the Association for the National Executive Committee meeting, 5-6 August 1983, p.14.

tensy die EAV(S.A.) met uitsondering anders sou besluit.[141] EAV(S.A.)-lede is ook ernstig deur die EAV(S.A.) versoek om nie vir kontrakte op 'n nie-genomineerde basis te tender nie.[142]

Verder het takke wat probleme gehad het met firmas wat toelaat dat tenders vir elektriese werk op nie-genomineerde basis gedoen word, dit onder die EAV(S.A.) se aandag gebring. Die saak is dan namens hulle verder gevoer.[143]

Staatsdepartemente het egter toenemend in 'n rigting beweeg waarin die stelsel van genomineerde subkontrakteurs uitgedien geraak het. Dit het meegebring dat elektriese werk as deel van die hoofkontrakteurs se boubestekke opgeneem is.

Die EAV(S.A.) het in teenstelling hiermee sy lede versoek en aangemoedig om nie te tender vir kontrakte op nie-genomineerde basis nie. Samesprekings met die staatsdepartemente en profesionele persone, soos argitekte, was nie suksesvol nie, aangesien nie een van die partye wou toegee nie.[144] Om tyd te gee sodat moontlike oplossings gevind kon word, het die EAV(S.A.) in September 1978 die versoek aan sy lede gerig om slegs 'n maand lank op genomineerde basis te tender.[145] 'n Hofsaak het gevolg wat die EAV(S.A.) verloor het.[146]

---

141 ECA(S.A.), Report of the Director for the fourthcoming meeting of the National Sub-Committee for Conditions of Contract and Tendering, report, 23 June 1978, p. 4.

142 ECA(S.A.), Minutes of a Special National Executive Committee meeting, minute, 27 August 1980, p. 2.

143 ECA(S.A.), Report of the Director for the forthcoming meeting of the National Sub-Committee for Conditions of Contract and Tendering, report, 23 June 1978, p.4; Annexure "G", 23 June 1978, p.1; Letter: M.J. Smithyman/Director/R.S.Trivettes/Durban – ECA(S.A.)/Natal Midlands Branch/Pietermaritzburg, 5 January 1978, p.1; Letter:G.D.J. Atkison/Stadsingenieurs / Pietermaritzburg – ECA(S.A.) / Natal Midlands Branch / Pietermaritzburg, 7 February 1978, p. 1.

144 ECA(S.A.), Minutes of a Special National Committee, minute, 27 August 1980, pp. 2-3; Republiek van Suid-Afrika (RSA), Gazette no. 7311, Kennisgewing 863, 28 November 1980. P. 134. ECA(S.A.), Supporting documentation to agenda of the National Executive Committee, 19-20 March 1981, p.19.

145 ECA(S.A.), Minutes of the Thirty Second Annual General meeting, President's report, 17 October 1981, p. 2; ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 3 April 1982, pp. 3-5.

146 ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee meeting, 30-31 March 1984, p. 3.

Weë moes gevind word om hierdie groterwordende realiteit van genomineerde subkontrakteurs te hanteer. Dit het nie binne die bestek van die periode onder bespreking gebeur nie, en dit is een van die EAV(S.A.) se min mislukkings in die strewe na professionaliteit waaraan geeneen graag herinner wil word nie.

### 5.2.11 Skemas ter beskerming van die EAV(S.A.) se bestaan

Om lede van 'n volgehoue diens te verseker, moes die EAV(S.A.) ook verpligtinge, oftewel skemas, in die Verenigingstruktuur inbou om sy bestaan en die bestaan van sy lede teen uitbuiters te verseker. 'n Hoofkontrakteurskema, bekend as die *Liquidation of Main Contractor Scheme* is vanaf 11 Januarie 1978 in werking gestel. Hierdie skema beskerm EAV(S.A.)-lede teen die verliese wat hulle kon ly indien die hoofkontrakteurs vir wie hulle werk, bankrot speel.[147] Vanaf 1980 is 'n skema ontwerp waarvolgens elke EAV(S.A.)(S.A)-lid/firma 'n betaling aan die hoofliggaam gedoen het wat bepaal is deur die firma se omset.[148] Nadat in beginsel besluit is om 'n skema vir die waarborg van werk/*Guarantee of Work Scheme* in te stel, het afgevaardigdes van die EAV(S.A.) die Verenigde Koningkryk besoek met die doel om soortegelyke skemas te ondersoek.[149]

Voorts het 'n skema vir die waarborg van werk aan plaaslike elektrotegniese aannemers vanaf 15 August 1980 in werking getree. Volgens hierdie skema kon 'n kliënt 'n klag ten opsigte van die vakmanskp van 'n lid by die EAR indien. Hierdie skema is ingestel om te verseker dat die gehalte van vakmanskap doeltreffend en bevredigend is.[150] Gedurende 1983 is besluit om kwaliteitsversekeringspesifikasies by tender- en kontrakdokumente in te sluit. Volgens hierdie vereistes is goeie gehalte elektriese werk verseker en die bepaalde koste daaraan verbonde by die

---

147 ECA(S.A.), Minutes of the 30th Second Annual General meeting, minute, 17 October 1980, p. 18.

148 ECA(S.A.),. Minutes of the meeting of the National Executive Committee, minute, 26-27 October 1979, pp. 4-6.

149 ECA(S.A.), Minutes of the meeting of the National Executive Committee, minute, 4-5 July 1980, p.10.

150 ECA(S.A.), Supporting Documentation to the Agenda of the National Executive Committee, 17 October 1980, p. 10; ECA(S.A.), Circulars, E. 1980/81: Gaurantee of Work Scheme, 5 August 1980, pp. 1-2; *The Star*, 9 August 1980. *The Daily News*, 20 November 1980, p. 10.

tenderprys ingesluit om te verhinder dat die elektrotegniese aannemer as subkontrakteur 'n verlies ly.[151]

Alhoewel daar samewerking tussen die EAV(S.A.) en verwante bedrywe was, het die vereniging jaloers gewaak oor sy invloedsfeer. Die *Natal Electrical Installation Engineers' Association* (NEIEA) is op 6 Oktober 1983 geregistreer. Hierdie vereniging het 'n soortgelyke logo gebruik as die EAV(S.A.). Samesprekings om die NEIEA te oorreed om nie die logo te gebruik nie, was suksesvol, en die NEIEA het die logo van hulle briefhoofde verwyder. Die EAV(S.A.) het verder ook van bestaande strukture en skemas gebruik gemaak om 'n beswaar teen die registrasie van die NEIEA by die IR in te dien.[152] Dit is gedoen as gevolg van die feit dat die EAV(S.A.) van mening was dat die NEIEA nie werklik verteenwoordigend was van die elektrotegniese aannemers nie en dat die belange van die elektrotegniese aannemers nie ten volle beskerm is nie.[153] Hulle besware is aanvaar, opgeneem en tot voordeel van die EAV(S.A.) hanteer.

### 5.2.12 Die Elektrotegniese Aannemersraad (EAR) – die registrasiestruktuur vir alle elektrotegniese aannemers

Vroeg in 1987 is 'n werkgroep aangestel om die moontlike stigting van 'n Elektrotegniese Aannemersraad (EAR)/ Electrical Contracting Board (ECB) waarby alle elektrotegniese aannemers moet registreer, te ondersoek. Hierdie werkgroep het 'n konsepgrondwet vir die voorgestelde EAR opgestel.[154]Nadat die finale dokument opgestel is, is dit na die Departement Mannekrag vir goedkeuring

---

[151] ECA(S.A.), Circulars, E. 1983/42: Up to date Report on the Activities of the Association for the National Executive Committee, 5-6 August 1983, 25 July 1983, p. 7; Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 5-6 August 1983, p. 31; *Sunday Tribure*, 17 April 1983, p. 7.

[152] ECA(S.A.), Synopsis of decisions taken at the National Executive Committee meeting, 30-31 March 1984, p. 16.

[153] ECA(S.A.), Supporting documentation for the National Executive Committee meeting, 30-31 March 1984, p. 39.

[154] ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Management Committee, minute, 28 April 1987, p. 3; ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Training Advisory Committee, minute, 29 June 1987, pp. 3-6

verwys.[155] Daarop is die EAR op 27 Oktober 1987 gestig.[156] Mnr. R.L. Jung was die eerste voorsitter van hierdie Raad wat as platform gedien het vir klagtes en probleme wat deur lede van die elektrotegniese aannemersbedryf ondervind is.[157] Fondse vir die bestuur van die EAR is van ESKOM en lederegistrasies bekom.[158] Teen Oktober 1994 was sowat 6035 elektrotegniese aannemers reeds by die EAR geregistreer.[159] In 1996 is die naam van die EAR verander na die Nasionale Elektrotegniese Aannemersregistrasieraad (NEARR)/National Electrical Registration Council (NERC)[160] om gestalte te verleen aan die konsep van 'n meer verteenwoordigende raad met 'n sterker en wyer magsbasis.[161]

### 5.2.13 Gewaarborgde betaling aan subkontrakteurs – 'n deurbraak vir die EAV(S.A.)

Afgesien van die probleme wat die elektrotegniese aannemer as sub-kontrakteur ondervind het met wanbetalings en nie-betalings, het die EAV(S.A.) gehoop om sy lede teen hierdie praktyke te beskerm. As uitvloeisel hiervan is die NUK van die EAV(S.A.) gedurende 1986 versoek om 'n geskikte skema van gewaarborgde betaling, waardeur EAV(S.A.)-lede gedek is in geval van bankrotskap van die hoofkontrakteur of kliënte. Die voorstelle ten opsigte van 'n stelsel van gewaarborgde betaling aan die subkontrakteur is ook aan die EAV(S.A.) se

---

155 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the Electrical Contracting Board, minute, 13 October 1987, p. 1.

156 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 28 October 1987, p. 33.

157 ECA(S.A.), Supporting documentation of the National Executive Committee, minute, 29-20 October 1991, p. 17.

158 ECA(S.A.), Supporting documentation of the National Executive Committee, minute, 24-25 June 1993, p. 13.

159 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee meeting, minute, 27-28 October 1994, p. 21; Supporting documentation of the National Executive Committee, minute, 27-28 October 1994, p. 12.

160 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee meeting, minute, 7-8 May 1996, p. 23.

161 ECA(S.A.), Supporting documentation of the National Committee, minute, 13-14 November 1997, p. 27.

regsadviseurs deurgegee, sodat daar seker gemaak kan word van die regsaspekte van so 'n gewaarborgde betalingstelsel.[162]

Gedurende 1987 het die Minister van Finansies die Departement van Staatsaankope versoek om ondersoek in te stel na die moontlike instelling van 'n stelsel van gewaarborgde betaling - trustfonds vir subkontrakteurs.[163] Op 13 Februarie 1989 het die EAV(S.A.) met die BIFSA in dié verband vergader.[164]

Vroeg in 1989 het die EAV(S.A.) 'n vergadering met die *Trust of First National Asset Management and Trust Co.* belê.[165] Tydens hierdie byeenkoms is die nodige masjinerie geskep vir die instelling van 'n stelsel van gewaarborgde betaling. Die opstel van dokumentasie om die trustee in staat te stel om die trustfonds te bestuur, is onder meer bespreek.[166] Nadat die dokument voltooi is, is die trustooreenkoms vir die versekerde betaling aan die trustee oorhandig.[167] Die EAV(S.A.) het alle betrokkenes aangemoedig om die stelsel te gebruik – veral in die geval van staatskontrakte waar die bouer nie 'n betalingswaarborg aan die elektrotegniese aannemers kon verleen nie.[168] Hierdeur is 'n stelsel van gewaarborgde betalings vir elektrotegniese aannemers deur middel van trustfondse vir benoemde subkontrakteurs in die publieke sektor gevestig.[169] Dit is dan ook amptelik vroeg in 1990 geïmplementeer.[170]

---

162 ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Executive Committee, mintue, 28 October 1986, p. 8; Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 27 March 1987, p. 16.

163 ECA(S.A.), Annexure "D", Minutes of the National Executive Committee meeting, 21 July 1989, p. 1.

164 ECA(S.A.), Minutes of the National Management Committee meeting, minute, 2 February 1989, p. 3; Report of the Contractual and Technical Advisor, report, 1989, p. 119.

165 ECA(S.A.), Supporting Documentation for the National Executive Committee meeting, 21 July 1989, pp. 1-2.

166 ECA(S.A.), Annexure "B" : Minutes of the National Executive Committee meeting, 21 July 1989, p. 1.

167 ECA(S.A.), Minutes of the National Contractual Advisory Committee, minute, 14 September 1989, p. 3; Minutes of the National Executive Committee meeting, minute, 25 October 1989, p. 4.

168 ECA(S.A.), Circulars: DK 79 / MA / 91, 9 April 1991, p. 2.

169 ECA(S.A.), Minutes of the Forty Fisrt Annual General meeting, minute, 25 October 1989, p. 5.

170 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee meeting, minute, 21 July 1989, p. 4.

Met hierdie fonds is die subkontrakteur in 'n groot mate beskerm teen wan- of nie-betalings, aangesien die subkontrakteur uit die fonds betaal is as die kliënt of bouer nie betaal het nie.[171]

## 5.3 Die EAV(S.A.) en internasionale skakeling

- **Skakeling met die International Association of Electrical Contracting (IAE)**

In die voorafgaande afdeling is reeds daarop gewys dat die EAV(S.A.) in 'n poging om op all terreine van die bedryfslewe te professionaliseer, wel van tyd tot tyd internasionaal geskakel het. Ander vorme van skakeling is hoofsaaklik deur Internasionale Elektrotegniese Verenigings en konferensies. So onder meer het die EAV(S.A.) in die tagtigerjare gereeld die jaarvergaderings van die *International Association of Electrical Contracting (IAE)* bygewoon.[172] By hierdie geleenthede het die EAV(S.A.) deel gevorm van die komitee wat die bedrading van persele bespreek het.[173]

Teen die einde van 1982 was Suid-Afrika die enigste land ter wêreld wat aardlekkasiebeskerming op prop- en kontaksokke ingestel het. Lande soos die V.S.A. het gevoel dat dit nie die kostes regverdig nie. 'n Afvaardiging is na Suid-Afrika gestuur om kennis hieroor in te win. Verder was dit ook net Suid-Afrika en Denemarke wat skakelaars op die prop en kontaksokke gebruik het en ook aangedring het op polariteit op prop- en kontaksokke. Vandaar dat Suid-Afrika ook

---

171 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee meeting, minute, 1995, p. 182.

172 Die IAE is 'n internasionale Vereniging met sowat 48 verteenwoordigende lande. Die Verteenwoordigers is hoofsaaklik akademies-gerig. Kyk ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 15-16 October 1982, p.17; Supporting documentation to the agenda of the National Executive Committee, 28 October 1979, p. 9; Minutes of a meeting of the Development and Training Fund for the Electrical Contracting Industry, minute, 28 February 1980, p. 2; Minutes of the meeting of the Nationl Executive Committee, minute, 19-20 March 1981, pp. 41-42.

173 ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 15-16 October 1982, p. 17.

Mnre Robert Jung en Tony Mcdonald by die AIE-kongres gedurende 1982

Bron: ECA(S.A.) Head Office, Edenglen, Germiston

as 'n leier op elektrotegniese gebied beskou is[174] – 'n pluimpie vir Suid-Afrika en die EAV(S.A.).

Tydens IAE-vergaderings het die EAV(S.A.) bruikbare inligting ten opsigte van die registrasie van elektrotegniese aannnemers deurgegee. Aangesien daar lande was wat teen 1984 nog nie 'n registrasiesisteem gehad het nie, kon hulle in dié verband kers by Suid-Afrika opsteek.[175]

Die EAV(S.A.) het tot 1994 nog jaarliks 'n afvaardiging na die IAE-kongres gestuur. Wanneer die begroting nie so 'n uitgawe kan dra nie is daar na borge gesoek om die uitgawe te dek.[176] Afgesien van finansiële probleme was die EAV(S.A.) ook soms onder politieke druk om nie die AIE-kongresse by te woon nie.[177] IAE-afgevaardigdes het ook Suid-Afrika besoek. Tydens sulke besoeke het die afgevaardigdes hulle byvoorbeeld vergewis van die omstandighede en projekte waarmee die EAV(S.A.) besig was.[178]

- **World Skills- kompetisies**

In die tydperk onder bespreking het die *Skills S.A.* nasionale kompetisie twee hoofafdelings waarin gekompeteer kon word. Dit is naamlik die huisbedradingsafdeling en die industriële afdeling. Hierdie kompetisie was en is steeds 'n maatstaf van die gehalte van opleiding in die elektriese bedryf.[179]

---

[174] ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee, minute, 15-16 October 1982, pp. 18-19.

[175] ECA(S.A.), Minutes of the 36th Annual General meeting, minute, 6 October 1984, p.12.

[176] ECA(S.A.), Minutes of a meeting of Associate Members, minute, 17 February 1986, p. 3; Minutes of the National Management Committee, minute, 3 September 1987, p. 4; Report of the President for the Annual General meeting of the Association, report, 30 October 1987, p. 7; Minutes of the Management Committee meeting, minute, 23-25 August 1988, p. 1.

[177] ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Management Committee, 10-11 February 1987, p. 5.

[178] ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Management Committee, 29 September 1986, pp. 1-2; Minutes of a Management Committee meeting, minute, 15-16 November 1988, p. 4; Supporting documentation for the National Executive Committee meeting, 17 March 1989, pp. 5-6; Minutes of a National Management Committee, minute, 2 February 1989, p. 9; Minutes of the National Executive Committee meeting, minute, 17 March 1989, p. 10.

[179] ECA(S.A.), Report of the National Executive Committee, report, 25 October 1989, p. 5.

Wenners van dié nasionale kompetisie kon nie in die verlede aan die *World Skill*-kompetisie deelneem nie, aangesien Suid-Afrika nie as amptelike lid van die kompetisie aanvaar was nie[180] – hoofsaaklik as gevolg van politieke druk teen Suid-Afrika se beleid van apartheid. Boikotaksies gedurende die tagtigerjare het die land se aktiwiteite 'n terugslag gegee. Die Suid-Afrikaners het wel die *World Skill*-kompetisie as waarnemers bygewoon.[181]

In 1990 het die EAV(S.A.) 'n volledige verslag ten opsigte van die elektrotegniese aannemersbedryf na die wêreldliggaam gestuur. Die wêreldliggaam het die verslag bespreek en 'n ondersoek gelas om te besluit of Suid-Afrika as deelnemer toegelaat kon word al dan nie.[182] Op 28 Junie 1991 het die World Youth Skills Olympic Body Suid-Afrika se aansoek om as deelnemer op te tree, amptelik aanvaar.[183] Hiermee kon Suid-Afrika sy waarnemerstatus verruil vir dié van deelnemer.

## 5.4 Samewerking met ander sektore in die elektriese bedryf

As prominente rolspeler in die elektriese bedryf het die EAV(S.A.), soos in die geval van die poging om 'n federasie op die been te bring, voortgegaan om samesprekings met ander belanghebbende partye in die bedryf te inisieer. Takke is byvoorbeeld gedurende 1988 aangemoedig om op nasionale vlak hulle steun aan die professionele sektor, waaronder die ingenieurs en argitekte, te gee. Die EAV(S.A.) het 'n samewerkingsooreenkoms met die *South Arican Association of Consulting Property Owners* en die *Institute of South African Architects* bereik.[184]

---

[180] ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Management meeting, 27 June 1989, p. 3; Report submitted to the National Executive Committee, report, 21-22 May 1991, p. 4.

[181] ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Management meeting, 27 June 1989, p. 3; Report submitted to the National Executive Committee, report, 21-22 May 1991, p. 4.

[182] ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the National Training Advisory Committee meeting, 14 January 1990, p. 4.

[183] ECA(S.A.), Report Submitted by the Director of ECA(S.A.) Training to the National Executive Committee, 29-30 October 1991, p. 4.

[184] ECA(S.A.), Synopsis of Decisions and Recommendations by the National Contractual Advisory Committee, 9 June 1988, pp. 6-7.

Die streke het ook komitees vir noue samewerking tussen die EAV(S.A.), AMEU en EVKOM gestig. EAV(S.A.)-verteenwoordigers het verder nog die jaarlikse AMEU-konferensie bygewoon. Verder het ESKOM swaar gesteun op die kennis en vaardigheid van die EAV(S.A.) vir die installasiewerk van die Electricity for all-projek gedurende die vroeë negentigerjare.[185] Verder het die EAV(S.A.) gestreef na goeie verhoudinge met die MBA. MBA-lede is aangemoedig om by die EAV(S.A.) aan te sluit, en die Witwatersrand-tak het van die MBA- raadsaal se fasiliteite gebruik gemaak.[186]

Die nuwe politieke bestel wat vanaf 1994 'n werklikheid in Suid-Afrika geword het, het ook veranderings en uitdagings vir die EAV(S.A.) gebring. In Hoofstuk Ses word die EAV(S.A.) se aanpassing by die uitdagings van 'n nuwe politieke tydvlak tot 1999 bespreek.

---

[185] ECA(S.A.), Supporting Documentation of the National Executive Committee, 21-22 May 1991, pp. 9,26; Minutes of the National Executive Committee meeting, minute, 21-22 May 1991, p. 6; ECA(S.A.), Minutes of a meeting of the Electrotechnical Advisory Committee, minute, 7 February 1989, pp. 2-8.

[186] ECA(S.A.), Minutes of the National Executive Committee meeting, 17 March 1989, p. 9; Minutes of the National ExecutiveCommitee meeting, 21 July 1989, pp. 8-9; National Management Committee, 31 January 1991, p. 5; Supporting Documentation of the National Executive meeting, 29-30 October 1991, p. 18; ECA(S.A.), Minutes of the 43 Annual meeting, 30 October 1991, p.4.

ECA(S.A.) presidente vir die periode, 1995-2000

Mnr. P.J.C. Pieterse
1995-1997

Mnr. H.J. Venter
1997-1999

Mnr. G. Whitlaker
2000

Bron: ECA(S.A.) Head Office, Edenglen, Germiston